

BAVINCK SE TOEGEPASTE PSIGOLOGIE.

1. Inleiding.

Bavinck het die groot waarde van die toegepaste psigologie dadelik ingesien, hoewel dit in die tydperk waarin hy leef en skryf nog in die wordingstadium was.

Hy wy sy aandag, veral in sy „De Nieuwe Opvoeding”, onder andere aan die toegepaste psigologie, wat vinnig besig was om sy invloed op verskillende gebiede te laat geld.

Hierin gaan hy na die algemene praktiese toepassing van die psigologie, die psigotegniek, die eksperimentele pedagogiek, die tipeleer, die psigografie en die psigologie van die religie.

Oor laasgenoemde skryf hy 'n afsonderlike artikel en oor die ander afdelings vind ons in sy ander werke ook waardevolle gegewens verspreid.

2. Toepassing van die Psigologie.

(a) Praktiese Toepassing.

Die vraag het ontstaan of die algemene sielkunde nie in die praktyk „geëxploiteer” en aan die lewe en prak-¹⁾tyk diensbaar gemaak kan word nie. Net soos die natuurwetenskap nie alleen kennis aan ons verskaf nie, maar die kennis ook vrugbaar gemaak het vir die lewe, so, meen Bavinck, het ons naas die suiwer psigologie ook 'n toegepaste psigo-²⁾logie sien ontwikkel.

Toe Külpe in 1912 op die noodsaaklikheid van 'n psigologiese studie vir mediese dokters wys en voorstel dat

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 52.

2. Bavinck: „Kinderstudie”, in Paedagogisch Tijdschrift, Jan. 1913, 241.

dit op universiteit aan hulle geleer word, het hy teenkanting ontvang van psigoloë soos Rickert, Eugen, Husserl, Natorp, Wundt en Windelband.

Daar was aan die ander kant psigoloë wat die waarde van so 'n toegepaste studie ingesien het. Daarom het hulle probeer om die psigologie aan die praktyk diensbaar te maak.¹⁾ Dit was veral Münsterberg, hoogleraar aan die Harvardse universiteit, wat in Amerika die vraag na die praktiese toepassing van die psigologie gestel het.

Bavinck stel die vraag op welke gebiede die psigologie toegepas kan word.

(b) Waar word die Psigologie Toegepas?

Die psigologie tree volgens Bavinck teenswoordig in verbinding met die pedagogiek, psigiatrie, regs wetenskap, etiek, kuns- en taalstudie, geskiedenis, religie, ensomeer. Op alle gebiede is die mens besig om eksperimente in te stel; kinders, mans, vrouens, misdadigers, kranksinniges, vromes en goddeloses, word almal deur deskundiges aan proewe onderwerp.²⁾ Die toepassing van die eksperimentele metode maak dit vir die hedendaagse psigoloog by die studie van mensesis, anatomie, fisiologie 'n onmisbare vereiste.³⁾

Soos die natuurvorser werk die psigoloog in sy laboratorium en maak gebruik van instrumente en apparate. Omdat daar aan die aantal psigiese verskynsels van die mens nie 'n einde kom nie, word die ondersoek steeds uitgebrei. Op hierdie wyse hoop die nuwe psigologie om dieper in te dring in die wese van die psigiese verskynsels.⁴⁾

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 53.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 181.
 3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 56.
 4. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 30.

Hoewel Bavinck veel meer terreine hierbo noem waarop die psigologie toegepas word, behandel hy die volgende: die psigotegniek, die eksperimentele pedagogiek, die tipeleer, die psigografie en die psigologie van die religie.

3. Psigotegniek.

(a) Naam ontleen aan Münsterberg.

Hugo Münsterberg, hoogleraar aan die Universiteit van Harvard, het hom in die besonder in Amerika beywer vir die praktiese toepassing van die psigologie. Hy is in 1864 in Duitsland gebore en gaan in 1892 na Amerika. In 1913 verskyn sy „Psychologie und Wirtschaftsleben“ en in 1914 sy „Grundzüge der Psychotechnik“. Psigotegniek, dit is die indiensstelling van die psigologie vir 'n praktiese doel, is 'n nuwe term vir 'n nuwe saak en dit ontvang sy naam van Münster-¹⁾berg. Hy het allereers aan beroepe en bedrywe gedink.

(b) Toegepaste Psigologie sê egter Meer.

Die naam druk volgens Bavinck nie duidelik genoeg uit wat daarmee bedoel word nie. Psigologie word ook toegepas as dit dien om een of ander verskynsel of feit in die taal, die kuns, die godsdiens en die sedelikheid psigologies te verklaar.

Bavinck waarsku en protesteer teen diegene wat hierdie psigologiese verklaring die enig moontlike en alleen-²⁾wetenskaplike ag. Die toepassing van die psigologie op die verklaring van feite of verskynsels in die verlede en hede is nie die enigste wat moontlik is nie. Mens kan ook van die psigologie gebruik maak om iets te bereik wat nog nie bestaan nie maar wat 'n mens op een of ander wyse tot stand wil bring.

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 53.

2. Ibid., 54.

Dit is psigologie in diens van „Kulturaufgaben." So kan dit benut word deur die onderwyser, die regter, die predikant, die arts, die sakeman, die fabrikant, die staatsman, die natuurvorsers en die kunstenaar.

Münsterberg egter wys self op leemtes en oordrewe verwagting. Die psigotegniek is onmagtig om oor die doel van die opvoeding 'n uitspraak te gee. Tog is dit 'n belangrike aanvulling by die praktiese mensekennis.

4. Eksperimentele Pedagogiek.

(a) Nuwe teenoor die Oue.

Die eksperimentele pedagogiek behoort volgens Bavinck ook tot die toegepaste psigologie. In hoofsaak word dit as kindersielkunde toegepas. Meumann vat die verskillende ondersoekinge van die jong wetenskap saam in sy „Vorlesungen zur Einführung in die experimentelle Pädagogik und ihre psychologischen Grundlagen."

Volgens Meumann verskil die eksperimentele pedagogiek van die vroeëre pedagogiek in sy hele opset. Die opvoedkunde wat vroeër gehuldig is, het die empiriese grondslag gemis; dit ken nie die feitelike verhouding nie en maak vergisings met die natuur en ontwikkeling van die kind. Die oue het van begrippe en 'n vaste doel uitgegaan en lei dan op deduktiewe wyse min of meer spekulatief die norme en reëls af, wat vir onderwys en opvoeding moet geld. Die eksperimentele pedagogiek gaan anders te werk: dit is positief en maak gebruik van die induktiewe metode, net soos die natuurkunde en die nuwe psigologie. Verhoudinge en toestande wat hulle by die opvoeding voordoën, word noukeurig waargeneem. Eers word die feite verkry en daaruit word norme afgelei wat by die opvoeding en onderwys nodig is. So trag hulle om die stadium te bereik waar die opvoeder van die waarom en hoe by alles wat hy doen, rekenskap sal kan gee.¹⁾

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 56 - 57.

(b) Taak van die Eksperimentele Pedagogiek.

Meumann beskou die gebied wat deur die wetenskap bearbei moet word in hoofsaak drieledig: die houding (das Verhaltung) van die kind in die skool, die onderwyser se werksaamheid en leermiddels, en die organisasie van die skoolwese. Meumann behandel die eerste die breedvoerigste. Die onderwyser, die leermiddels en die hele skool is immers uitsluitlik daar terwille van die kind. Oor die leermiddels en skoolorganisasie het Meumann hom nie breedvoerig uitgelaat nie, want alle probleme wat hierby ter sprake kom, moet tog vanuit die kind so ¹⁾ bise opgelos word.

(c) Bedenkinge van Bavinck.

Bavinck opper vier bedenkinge.

Die naam van die wetenskap is vir hom minder juis. Die eksperimentele pedagogiek maak nie alleen van die eksperiment gebruik nie maar laat hom ook deur die vraelys, proefwerk en statistiek bedien. Die naam empiriese pedagogiek verdien daarom in elk geval voorkeur; die eksperiment is een van baie metodes; die eksperiment in die pedagogiek word slegs indirek gebruik.

Tweedens kan die eksperimentele of objektiewe ²⁾ metode nooit die subjektiewe, die selfwaarneming mis nie. As selfwaarneming absoluut veroordeel en by die psigologie geheel en al uitgeskakel word, maak dit die psigologie onmoontlik, want alle kennis van die sielelewe van ander, ook ³⁾ van die kind, is op kennis van onself gebaseer.

Derdens moet daarop gewys word dat die eksperimentele pedagogiek nie die ganse pedagogiek is nie en dit ook nooit sal kan wees nie. Al die vrae kan nie deur die empiriese en nog minder deur die eksperimentele psigologie

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 58.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 59.
 3. Bavinck: „Kinderstudie“, in Paedagogisch Tijdschrift, Mei 1913, 11 - 12.

opgelos word. Na hierdie metode is dit byvoorbeeld onmoontlik om die doel van die opvoeding vas te stel. Nie alleen moet die rigting oor die algemene doel van die opvoeding swyg nie, maar dit kan ons ook nie inlig oor die spesiale doeleindes van besondere vakke nie. Die leerstof het ook sy eie aard waaraan die eksperimentele pedagogiek niks kan verander nie, maar dit in beskeidenheid moet erken.¹⁾ Elke vak bepaal tot 'n sekere hoogte hoe die stof georden en behandel moet word.

In die vierde plek is dit, soos gesproke, eensydig om te sê dat die eksperimentele pedagogiek uit die feitelike verhoudinge en toestande norme probeer aflei of dat dit uit die werkinge daarvan op die kind oor die didaktiese waarde van die metodiese voorskrifte beslis. Teologie, logika en etiek kan as hulpmiddels nie gemis word nie.²⁾ Die nuwe pedagogiek is dus volstrek nie geskik om alleen en uitsluitlik die grondslag te vorm vir die gebou van die pedagogiek nie.³⁾

(d) Opmerkings oor Bavinck se Bedenkinge.

Tereg wys Bavinck op die verdienstelike van die eksperimentele opvoedkunde en tereg wys hy ook daarop dat die rigting nie die alleenheerskappy vir homself kan aanmatig nie. Omdat Bavinck eeter deurlopend onderwys en opvoeding gelyk stel, laat hy na om daarop te wys dat die eksperimentele pedagogiek se benaming ook verkeerd is omdat dit aan die eintlike opvoeding, die sedelik-godsdienstige vorming byna geen aandag skenk nie.

(e) Resultate van die Eksperimentele Pedagogiek.

Bavinck gee kortliks die vernaamste resultate van eksperimentele pedagogiek⁴⁾ aan omdat hy andersins 'n breed-

-
1. Sien Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 133 - 135.
 2. Sien Bavinck: Versamelde Opstellen, 172 - 182.
 3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 58 - 61.
 4. Van der Zweep: op. cit., 138.

voerige verslag wou gee van die metinge deur fisioloë en psigoloë van vermoeidheid van die skoolkind, die ontstaan van die skoolhigiëne, die ondersoekinge na individuele verskille, die oorsprong en ontwikkeling van kindertaal, die psigologie van die geheue, van buite leer, voorstellinge, denke, fantasie, gemoedsbeweginge en die wilsverskynsels.

Tot die vernaamste resultate van die eksperimentele pedagogiek -en ons moet daarby noem die kinderpsigologie- word genoem die ontwikkeling van die kind.¹⁾ Die volgende is veral van belang.

In die eerste plek word ons geleer dat die kind by geboorte geen tabula rasa is nie, maar hy bring dadelik kragte en vermoëns mee, wat ontwikkel kan word en vir indrukke ontvanklik is. Tweedens ontwikkel die funksies van die kind in dieselfde volgorde as wat dit vir die lewe nodig is. Die aanskouing van ruimte, byvoorbeeld, gaan dié van tyd vooraf. Derdens verloop die fisiese en psigiese ontwikkeling nie gelykmatig nie maar periodiek, sodat nou die een en dan weer die ander funksie ontwikkel. As die kind leer loop, staan die taalgroei byna stil. Die liggaamlike groei vorder nou langsaam dan weer sneller. Ook by die hersensgroei is daar 'n verskil in tempo. Vierdens wissel die aanleg by die kind af. Die sluimerende kragte tree een vir een na buite en vra²⁾ om oefening; elke funksie wil afsonderlik bestudeer word. Meumann se stelling, dat die verstand en wil onbegrens is, word tereg deur Mundt en andere as onhoudbaar verwerp. Ten laaste kan die een funksie vir die ander bevorderlik wees. Daar is byvoorbeeld korrelasie tussen sintuiglike waarneming en opmerkzaamheid; tussen persepsie en appersepsie; tussen

1. Sien Jaarsma: The Educational Philosophy of Herman Bavinck, 167 - 168.

2. Sien Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 215.

elementêre en hoër funksies van die siel. By verskillende individue kom hulle ook in verskillende mate voor.¹⁾

(f) Die Persoonlikheid van die Onderwyser.

Bavinck stel dit versigtig en sê dat hy dit nie as 'n beleidsing bedoel as hy sê dat soveel van die opvoeder afhang nie.²⁾ Die onderwyser moet met takt toegerus wees.³⁾

Net so min as die empiriese pedagogiek die invloed van die leerstof op die onderwys en opvoeding kan miskien,⁴⁾ net so min kan dit die persoonlikheid van die onderwyser en opvoeder uitkakel. Al is die onderwyser ook hoe goed onderlê,⁵⁾ moet hy in elke gewone geval na bevinding van sake handel.

(g) Opmerking.

Dit moet hier opgemerk word dat die opvatting van die tabula rasa in die tyd waarin Bavinck skryf nie meer ernstig deur wetenskaplikes opgeneem word nie; daarom beskou ons die opmerking as enigszins oorbodig. Bavinck se opmerkings oor die aanleg van die kind wat op bepaalde tye na vore tree, is van besondere belang vir die onderwys en opvoeding. Dit wil ons ook voorkom asof Bavinck die waarde van die eksperimentele pedagogiek te gering ag.⁶⁾ Graag wil ons sy opmerkings oor die persoonlikheid van die onderwyser, wat noodsaaklik is by die opvoeding, onderskryf.⁷⁾ Met 'n warm hart en 'n koel hoof kan ons uit die eksperimentele pedagogiek veel leer.

5. Tipelste...

(a) Verskillende Temperamente.

Bavinck se beskrywing van die tipes hoort meer by die differensiële sielkunde as by die toegepaste sielkunde tuis.

1. Bavinck: „De Psychologie van het Kind“ in Paedagogisch Tijdschrift, deel IV, 1909, 116.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67.

3. Ibid., 66.

4. V.S. Eeep: De Paedagogiek van Bavinck, 141.

5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 62 - 64.

6. Sicn Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 78.

7. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67.

Die leer is nie nuut nie, want van ouds af is ondermense fisies en psigies tipiese eienaardighede opgemerk, op grond waarvan hulle in verskillende groepe verdeel kan word. Onderwysers weet om hulle leerlinge spoedig verstandelik te takseer as knap, middelmatig of swak.¹⁾

Wat die temperamente betref, het Galenus reeds in die jaar 150 N. Chr. vier soorte onderskei: die sanguiniese, flegmatiese, choleriese en melancholiese. Die indeling berus op die oorheersing van een van die vier liggaamssappe: die bloed, geel gal, swart gal en slym. Al word die fisiologiese grondslag waarop die bewering berus nie meer aanvaar nie, word daar tans nog aan die indeling vasgehou. Kant neem as nuwe grondslag die emosionaliteit en verdere aktiwiteite. Wundt voeg by Kant se indeling nog die nawerking van aandoeninge as kriterium; Hoymans bou sy indeling op emosionaliteit, aktiwiteit en sekondêre funksies.²⁾ Op grond van die drie beginsels onderskei hy agt tipes.

(b) Waarnemingstipe.

Alfred Binet onderskei na die aanskouing of waarneming vier tipes: beskrywende, waarnemende, gevoelige en geleerde tipe. Hierdie tipes onderskei hy by leerlinge wat hy gesien of gehoor het en wat in losse trekke weergee (beskryf), of daar in verband tussen lê en daar in geheel van maak (waarneem), daar subjektiewe indrukke of stemming by opneem (gevoelig), of daar kritiek op uitoefen (geleerd). Sy proewe is met kinders gemaak.³⁾

(c) Opmerkzaamheidstipe.

By die ondersoek na die aanskouingstipe het aan die

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 68.

2. Sien Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 261.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 70.

lig gekom dat die opmerkzaamheid by kinders ook tipies verskil, sodat 'n mens statiese en dinamiese, fikserende en fluktuerende tipes kan onderskei. Die fikserende tipe het gekonsentreerde aandag; hulle konsentreer maklik die aandag op een punt, op 'n eng begrensde gebied; die fluktuerende tipe het 'n distributiewe aandag: hulle versprei liever die opmerkzaamheid oor 'n uitgestrekte gebied.

(d) Geheuetipe.

Meer algemeen bekend is die onderskeiding na die geheue in tipes met meganiese en logiese, analitiese of sintetiese geheue of ook 'n geheue vir waarde, sake, plekke, getalle en kleure. Ons praat van 'n meganiese en van 'n logiese tipe, al na gelang begrip 'n rol by die onthou speel; van 'n analitiese en 'n sintetiese geheue, na die voorkeur aan ontleding of samestelling.

(e) Voorstellingstipe.

Die voorstellingstipe het die meeste opgang gemaak. Die indeling is gebaseer op groter helderheid en beweeglikheid óf van gesigs- en gehoors-, óf van bewegingsvoorstelling. Daar word 'n viertal genoem: die visuele (optiese), die akoestiese (ouditiewe), taktiele en motoriese.

Bavinck wys daarop dat ons by al die tipes moet onthou dat hulle uiters selde suiwer voorkom behalwé in afwykende gevalle. 'n Normale mens het iets van al die tipes, met ligter of sterker oorhelling na een daarvan. Die gemengde tipe oorheers dus by al die genoemde soorte. Ook is die tipes nie onveranderlik nie: deur oefening kan die swakkere eienskappe verbeter word.¹⁾

(f) Betekenis van die Tipeleer.

Dit is vanselfsprekend dat dit vir die onderwyser

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67 - 70.

van besondere belang is om te weet welke tipe sy leerling is. Die tipeleer is egter nog nie sover gevorder dat die onder-¹⁾wyser in die praktyk daar veel nut uit kan haal nie.

6. Psigografie.

(a) Wat word daaronder Verstaan?

As die toegepaste psigologie vir die pedagogie werklik vrugbaar wil wees, kan dit volgens Bavinck nie by die tipeleer bly staan nie. Die individuele psigologie moes derhalwe verder voortgaan op die ingeslane weg en het die psigografie, dit is 'n wetenskaplike ondersoek na die individualiteite, ontwikkel.

Die psigografie of sielebeskrywing wil 'n studie maak van elke individuele kind in die skool; dit wil die kind ken in al sy eienaardige fisiese en psigiese eienskappe en dien-ooreenkomstig die plek vir hom aanwys wat hy in die maatskappy behoort in te neem. Die psigografie sal dit moontlik maak dat die lewenslot van elke mens van sy jeug af so gerig en geleid word, dat sy ontwikkeling langs die uitnemendste weg die hoogste bereik.

In die skool moet daar vir elke kind 'n lys aangelê word waarin aangeteken word alles wat vir die kennis van die kind en al sy eienaardighede belangrik is. So 'n lys moet sistematies en metodies ingerig word. Dit is die taak van die waarnemer om gesigspunte aan te gee en metodes vas te stel waarna die ondersoek van die individualiteit ter hand geneem en die lys vir elke kind ingevul moet word.²⁾ So 'n skema dra die naam van psigogram.

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 72.

2. Ibid., 72 - 73.

(b) Psigogram.

Die lys met vrae oor elke kind word psigogram genoem. Bavinck noem die oningevulde lys by die naam terwyl dit gebruiklik is om aan die ingevulde lys die naam psigogram te gee.

Verskeie geleerdes het sulke lyste opgestel. Die van Roels en Van der Spek word deur Bavinck as die beste beskou. Die bedoeling is om vir elke kind 'n psigogram te maak, of selfs een vir elke klas waartoe hy vorder. Hierby moet 'n mens veral deur praktiese oorweging gelei word. Met die diagnose van individualiteite moet 'n studie gemaak word van die vereistes vir alle beroepe om sodoende 'n psigofisiese analise van die beroepe van elke werkgroep te kan gee. 'n Groot hoeveelheid volkskrag gaan verlore omdat die gawes wat in die volk skuil nie tot nut van die maatskappy bestee word nie. Die ideaal is: die regte man op die regte plek. Die psigografie staan dus in diens van die beroepsvoorligting.

As elke kind wat die skool verlaat 'n psigogram besit en die behoeftes vir al die beroepe is opgestel, is dit moontlik om 'n konkrete doel te bereik. Die leerling kan dan in die beroep geplaas word waarin hy die beste pas. Die willekeurige plasing van kinders word hiermee uitgeskakel. ¹⁾

(c) Bavinck se Besware.

Bavinck het verskillende besware wat hy opper. Eers spreek hy waardering uit oor die psigogram en wys op die besondere voordele, maar dan vra hy of ons 'n volledige lys van fisiese en psigiese kenmerke sal kan opstel. Indien dit wel kan gebeur, is daar langs hierdie weg van eindelose analise 'n regte kennis van die persoonlikheid en sy eenheid te verkry. ²⁾ Die onderwyser met 'n groot klas sal met so 'n

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 74.

2. Bavinck: „Kinderstudie“, in Paedagogisch Tijdschrift, Mei 1913, 16.

skema weinig kan uitrig, omdat dit te veel werk meebring. Die onderwyser se taak is om onderwys te gee en daar is nie vir hom nog tyd beskikbaar om psigologiese eksperimente te maak en persoonslyste in te vul nie. Verder vra hy of elke onderwyser vir die wetenskaplike werk bekwaam is. Hy is die ¹⁾mening toegedaan dat 'n psigoloog daarvoor nodig is.

(d) Opmerkinge oor Bavinck se Besware.

By sekere skole sal die invoering van persoonslyste ²⁾seker moeilikhede kan veroorsaak. Die swartkykery van Bavinck is egter 'n verontskuldiging of beskuldiging vir die onderwysers. Lyste word immers deur bevoegde persone saamgestel en oor die algemeen behoort die onderwyser dit met gemak te kan invul.

As die onderwyser nie in staat is om die lyste in te vul nie, kan hy daartoe opgelei word. Die beswaar van moeite en tyd is ook 'n beskuldiging teen die gewilligheid van die onderwyser. Daar is baie werk verbonde aan die invulling van lyste en daar moet baie waargeneem word, maar dit sal die onderwyser altyd loon om die addisionele tyd aan sy leerlinge te bestee.

Dit is nie nodig dat die onderwyser of die opvoeding deur die nuwe taak skade aangedoen word nie. Intendeel sal die onderwyser kostelike kennis opdoen aangaande die leerling wat aan hom toevertrou is. Dit sal by die onderwyser meer belangstelling in sy kinders **opwek**; dit sal die onderwyser beïnvloed om sy opvoeding meer karaktervormend te rig.

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 76 - 77.

2. Rombouts: Dr. Herman Bavinck, 83.

7. Die Psigologie van die Religie.

(a) Inleiding.

Hoewel die psigologiese studie van die religieuse verskynsels nog 'n jong wetenskap is, (is daarop reeds vir 'n lang tyd voorberei). Aan die einde van die 17de eeu en aan die begin van die 18de word deur groot beweginge op godsdienstige gebied in Duitsland met sy pietisme, in Engeland met sy metodisme en in Amerika met sy „The great Awakening“, die swaartepunt uit die objek na die subjek van die religie verplaas. Voorheen is die godsdienst as 'n objektiewe instelling beskou, waarvan die waarheid en reg bo alle twyfel verhef is; tans geld die religie meer as 'n subjektiewe gesteldheid en word die waarde van die leer aan die lewe ondergeskik gemaak.

Die wysgeer Kant en die teoloog Schleiermacher vertolk die nuwe rigting. By beide egter kom die godsdienst as 'n menslike eienskap en nie as 'n gawe van God nie in aanmerking.¹⁾

By die studie van die godsdienste is die aandag eers grotendeels of uitsluitlik gerig op die objektiewe elemente, die bestanddele van dogma en kultus, wat in alle godsdienste voorkom. Hier word by voorkeur die historiese metode toegepas.

Meer en meer raak die historiese metode egter in onbruik.²⁾ Die oorsprong van die godsdienst laat hom immers nie histories vind nie. Oor die wese van die religie versprei die geskiedenis weinig of geen lig. Ook is die waarheid en reg van die godsdienst in die algemeen en in die besonder vir geen historiese bewyse vatbaar nie. Die kategorieë

1. Bavinck: „Psychologie der Religie“, in Verzamelde Opstellen, 55.

2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 189 - 205.

van waar en onwaar, van reg en onreg behoort tot 'n ander orde as die wat die geskiedenis sonder meer aan die hand kan doen. Daarom dat baie wetenskaplikes van die historiese na die psigologiese metodes oorslaan en hiervan 'n oplossing vir die religieuse probleme verwag.¹⁾

(b) Waarde van die Psigologiese Metode.

Om die religie psigologies te bestudeer, kan ons tot die waarde daarvan vir die enkeling en die hele maatskappy geraak. Daar is baie wat van die godsdienste vervreemd raak en wat ook nie meer deur arbeid van evangelisasie of sending bereik of herwin kan word nie. As die religie nie metafisies of histories nie, maar psigologies en sosiaal ondersoek word, in verband met die ganse mensheid en met die ganse maatskappy sal die belangrikheid, nuttigheid en onmisbaarheid weer ingesien word. Die waarheid en reg van die godsdienste sal dan weer duidelik word; pedagogiek en pastoraal, religieuse en kerklike lewe, evangelisasie en sending sal dan wins uit die psigologiese ondersoek na die religie kan afwerp.

Onder dié verwagtinge en belofte is die psigologiese studie van die religie eers in Amerika ter hand geneem. G. Stanley Hall neem verslae oor bekerings ter hand en maak daar 'n studie van; William James hou lesings oor die onderwerp. Ribot van Frankryk, Flournoy van Genève en andere sien die waarde van die studie in en begin ook met ondersoekinge. Nie alleen besondere studies oor die psigologie van die religie in die algemeen sien nou die lig nie, maar ook oor die van die geloof, bekering, gebed, profesie, mistiek, godsdienste by kinders en by be-arbeiders.

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 56 - 57.

1)
(c) Metode.

Die religieuse psigoloëpas die empiriese, induktiewe metode toe by die wyse waarop materiaal vir die ondersoek verkry word. Die religieuse persoon word bestudeer: daar word gepoog om hom te ken, deur die godsdienstige samekomste te besoek en deur vir lang tye in die kring van gelowiges besoek af te lê. Tweedens word die religieuse geskifte nagegaan. Hieruit word ervaring deur mense van verskillende geslagte en ouderdomme bestudeer, wat met of sonder opset neergeskryf is. Derdens gebruik Stanley Hall, Starbuch, Coe en andere die vraelysmetode.²⁾

Moeiliker as die versameling van feite, meen Bavinck, is vir die ondersoekers die verwerking van die materiaal. Dit moet geanaliseer, vergelyk en geklassifiseer word; na veralgemening word 'n poging aangewend om uit die feitemateriaal 'n wet af te lei wat die religieuse ontwikkeling beheers.

(d) Die Kind.

Op grond van die ondersoekinge was die algemene bevinding dat by die kind nie sprake van 'n godsdienstige lewe is nie. Die kind is liggelowig; sy godsdiens bestaan grotendeels uit voorskrifte deur die ouers, kerk of Bybel; die geloof is iets uitwendigs en objektiefs.³⁾

(e) Die Puberteit:

By die puberteit tree egter groot verandering in. Stanley Hall gaan breedvoerig in op die fisiese en psigiese verandering by die puberteit. Nuwe gevoelens van lus en onlus, van simpatie en afkeer, nuwe neiginge en begeertes,⁴⁾

-
1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 47; III, 590; IV, 49.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 60 - 61.
 3. Sien Bavinck: „Kinderstudie“, in Paedagogisch Tijdschrift, Mei 1913, 1 - 17.
 4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 140 - 145.

wense en ideale dring in die gemoed van die mens in. Die mens, die individuele persoonlike mens, met 'n eie insig, met 'n eie ek, is kennelik in die jongmens. Puberteit is 'n geboorte, 'n wedergeboorte, die geboorte van 'n nuwe sosiale persoonlikheid. Smart en wee is net soos by die geboorte ook hier teenwoordig. Die puberteit bring sy eie krankhede en gevare, afdwalinge en sonde. Dit is 'n storm- en drangperiode. Dit is soos 'n see wat deur die wind heen en weer geskommel word. Daarom is daar aan die een kant 'n gevoel van onvoldaanheid en ontevredenheid wat uiting vind in vorme van twyfel, smart, terneergedruktheid, onrus, mymery en andersyds 'n sug na selfstandigheid en vryheid, 'n lus na ondersoekinge, 'n dwepery met helde, 'n hoop vir die toekoms, 'n idealisme, 'n begeerte om alles te hervorm. Die jongeling staan op 'n tweesprong.¹⁾

Sommige van die psigoloë wou die hele godsdiens uit die geslagsdrif verklaar en het die godsdiens as 'n seksuele perwersie gesien. Starbuch meen dat die seksuele ontwikkeling net so goed die aanleiding en voorwaarde van die religieuse ontwaking kan wees. Die meeste religiepsigoloë kom egter in verzet hierteen.

Bavinck verwerp hierdie materialistiese teorie en tog sien hy weer die goeie daarin raak. Die religiepsigoloë sien 'n nou verband tussen godsdiens en liefde aan die een kant en die religieuse ontwikkeling aan die ander.²⁾ Die jare van die puberteit word as 'n noodsaaklike ontwikkelingsproses van die leeftyd beskou. Bavinck wys egter daarop dat die religieuse ontwikkeling nie by almal op dieselfde wyse en dieselfde vorm plaasvind nie: daar is onderskeid na gelang

1. Bavinck: „Kinderstudie“, in Paedagogisch Tijdschrift, Mei 1913, 64 - 65.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 467.

van opvoeding en omgewing, karakter en temperament, geslag en leeftyd. Daar is 'n verskil tussen die ontwikkeling van gesonde en krank siele. Daar is mense wat geen en ander wat wel 'n bekering nodig het.¹⁾ Die mense wat in hulle jeug godsdiensdig opgevoed is, hoef nie juis 'n krisis deur te maak nie; hulle ken nie die vrees vir straf en die angs vir oordele nie. Tog kom ook by hierdie bevoorregte gelowiges in die puberteitsjare dikwels nie 'n besliste ommekeer nie, maar tog 'n meer of minder kragtige godsdiensdigte opwekking voor. Waar die godsdiens by die kind nog uitwendig en objektief is, kan dit by die puberteit 'n saak van die hart word. 'n Opwekking, 'n verdieping en 'n verinwendiging van die religieuse lewe vind plaas.

Daar is verskillende tipes van religieuse ervaring,²⁾ daarom geld een maatstaf nie vir almal nie. Daar is ook krank siele, mense, wat 'n ander blik op die lewe het; hulle sien die ellende en ydelheid van die wêreld in; hulle worstel met die sonde en sy mag. Alleen deur 'n krisis kom hierdie toestand tot rus en vrede. So 'n krisis dra gewoonlik die naam van bekering en die Christendom sien daarin die vrug van 'n bonatuurlike werking.

(f) Bevindinge van die Religieuse Psigologie.

Eerstens het die psigologiese studie van die religieuse ervaring aan die lig gebring dat daar 'n nou verband bestaan tussen die fisies-psigiese ontwikkeling in die puberteitsjare en die godsdiensdigte opwekking en verdieping wat in dieselfde leeftyd plaasvind.

Tweedens is daar by die puberteit die skommeling wat ook by die religieuse lewe voorkom. Daar is 'n besef

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 66.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 207.

van sonde, 'n gevoel van skuld, bedruktheid, neerslagtigheid, berou en angs. By die bekering wat korter of langer duur, is dit asof twee magte (weer voorgestel as die oue en nuwe mens, duisternis en lig, sonde en deug, Satan en Christus) met mekaar worstel. In die stryd maak die sonde, ellende en rampsaligheid dan plek vir vrede en vreugde, skuldvergifenis en versoening, God en sy gemeenskap. In die algemeen is die religieuse ervaring kwalitatief dieselfde as wat dit by die puberteit in algemeen is.¹⁾

In die derde plek wys die religieuse psigologie daarop dat die godsdienstige ervaring nie net by een godsdienst nie maar by alle volke en in alle godsdienste voorkom. Nie alleen Paulus, Augustinus en Luther nie, maar ook Boeddha en Mohammed het 'n religieuse krisis deurleef. By die puberteit word 'n selfstandig godsdienstige persoonlikheid gebore.

In die vierde plek wil die nuwe psigologie die bekering of opwekking uit die onbewuste verklaar. Indrukke het benede die drempel van bewussyn weggesink. Die bekering is 'n transformasie van die bewussyn. Wat in die onbewuste gewoon, gewoel en gewerk het, kom die bewussyn binne, dryf die voorstellinge wat daar heers uit en neem die sentrale plek in besit.

(g) Bavinck se Waardebepaling van die Religieuse Psigologie.

Bavinck weerhou hom van beoordeling wat in enger kring van teologiese bedenkinge teen die psigologie ingebring kan word en beperk hom by opmerkinge van algemeen wetenskaplike aard.²⁾

Hy stem volkome saam en is dankbaar oor die nougesette, metodiese ondersoek, wat nie alleen die objektiewe nie

1. Sien Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 155.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 72.

maar ook die subjektiewe verskynsels in die godsdien wetenskaplik benader het. Daar is by hom geen twyfel oor die moontlikheid en reg van die ondersoek nie. Hierdie psigologiese beskouinge vul op 'n merkwaardige wyse die objektiewe aan en versprei oor die verskynsels menigmaal 'n verrassende lig. Die onderskeid in die godsdienstige lewe by die kind, die jongeling en die grysaard; die samehang van die religieuse ontwikkeling met die op psigiese, morele gebied; die verband tussen godsdienstige opwekking en puberteit, en die opheldering van bekering verruim die blik en werp lig wat die teoloog, sendeling en opvoeder nie kan versmaad nie.¹⁾²⁾

(h) Sy Besware.

Die wetenskap is nog jonk en wil graag vrugte pluk voordat dit ryp is. Die vraelyste is tot 'n paar honderd mense beperk en laat miljoene buite rekening. Bavinck wil nie beweer dat daar in die antwoorde op vraelyste, dagboeke, belydenisskrifte en beskrywings van siele-ervaring opsetlike onopregtheid is nie, maar daar is soveel gebrek aan selfkennis, soveel gevaar van selfbedrog dat die gegewens dikwels onbetroubaar is. Verder word die saak nog moeiliker as hierdie gegewens gekoördineer, veralgemeen en in 'n formule saamgevat word. Daar is regmatige vrees dat die psigologie van die religie nie so spoedig vrug op sy werk sal sien nie.

Waarskynlik is daar verband tussen godsdien en liefde, tussen religieuse ontwaking en puberteit. Van watter aard die verband egter is, is onseker net soos die hele verhouding tussen liggaam en siel. As God die kinders nie bekeer nie, woon in hulle niks goeds nie.³⁾ In die

-
1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 198.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 73.
 3. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 147

puberteitsjare is daar baie religieuse opwekkinge, maar die omvang van die opwekkinge wat voor en na die tyd intree, is nie gering nie. Die plotselinge bekering kom wel by die Metodisme veelvuldig voor, maar veel minder by die groot Christelike kerke.¹⁾

Bavinck spreek ernstige twyfel uit oor die moontlikheid om soos die religieuse psigoloë hulle voorstel op hierdie wyse, die reg, die waarheid en die waarde van die religie aan te toon. Solank ons die religie nie as waar en goed en skoon hou nie, maar ook abnormale en patologiese verskynsels erken, moet ons ter beoordeling óf 'n norm uit 'n ander gebied oorbring óf so 'n norm aan die religieuse verskynsels self probeer ontleen. By die pragmatiste, waarvan James ook 'n aanhanger is, is dit nie die wortels nie, maar die vrugte wat die maatstaf vorm vir die reg en waarheid van die religieuse verskynsels. Dit kom by hulle nie soseer daarop aan wat God is nie, as wel hoe Hy deur ons gebruik word.

James lewer met sy resultate self die bewys dat die psigologie van die religie, hoewel dit 'n belangrike bydrae tot die verstaan van die religieuse lewe lewer, tog nooit die dogmatiek of filosofie kan vervang nie. Dit leer ons wel tot 'n sekere hoogte wat die religie is, hoe dit in die menslike natuur wortel en samehang, maar dit sê ons niks oor die inhoud, waarheid en reg van die geloof nie. Om waarheid is dit ten slotte tog te doen.²⁾

Hiermee het ons Bavinck se opvatting oor die toegepaste psigologie omskryf. Dit is soos by sy algemene beginsels van sy psigologie in die algemeen gestel: hy neem

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 74.

2. Ibid., 77.

standpunt in en toets die bevindinge van ondersoekers aan die Heilige Skrif.

Meer besonderhede van Bavinck se psigologie word aangedui wanneer die verband tussen sy psigologie en pedagogiek nagegaan word.

Dit is dus vir ons nodig om eers vas te stel wat die algemene beginsels van Bavinck behels. Dit word in afdeling B van hierdie studie onderneem.

8. Samevatting.

(i) Bavinck wys op die waarde van die psigologie vir die praktyk op alle gebiede maar waarsku teen oordrewe verwagting.

(ii) Die naam psigotegniek is aan Münsterberg ontleen wat allereers aan beroepe en bedrywe gedink het. Toegepaste psigologie omvat egter veel meer en word op alle terreine van die lewe gebruik. Dit is 'n belangrike aanvulling vir praktiese mensekennis.

(iii) Teen die benaming eksperimentele pedagogiek maak Bavinck beswaar en stel in die plek daarvan die benaming: empiriese pedagogiek. Hy beskou die eksperiment as 'n belangrike hulpmiddel by die pedagogiek.

(iv) Sy groot beswaar teen die eksperimentele pedagogiek is dat dit geen doel kan bepaal nie, hoewel hy die groot waarde by die bepaling van die sielkundige ontwikkeling van die kind erken.

(v) Bavinck beskou tipeleer van belang vir die onderwys maar dit is nog nie so ver gevorderd dat dit prakties van veel nut is nie.

(vi) Aan psigografie of sielebeskrywing, wat 'n studie

van elke individuele kind op skool wil maak, heg Bavinck groot waarde.

(vii) In die psigologie van die religie sien hy 'n nuwe verband tussen godsdiens en liefde in die religieuse ontwikkeling. In die puberteitsjare beskou hy die religieuse ontwikkeling as noodsaaklik en belangrik omdat die godsdiens dan verdiep en verinnig.

(viii) Hoewel die psigologie van die religie 'n belangrike bydrae is om die religieuse lewe te verstaan, kan dit nooit die dogmatiek of filosofie vervang nie. Dit bied ons niks oor die inhoud, waarheid en reg van die geloof nie.